

Maandag 12 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 12:1-6, 13-17

Fokusgedeelte: Openbaring 12:1-6, 13-17

Niks kan Jesus se koms stuit nie

Die wonderlike nuus weerklink in die ore van die vervolgte gelowiges. Die Here, die Koning van die kerk, is op pad na sy bruid. Maar dan word die vreugdevure gedemp, want sy koms gaan met mening teëgestaan word. En dit is nie net gerugte nie, God self maak dit bekend deur 'n baie ontstellende beeld. Daar is 'n vrou en alhoewel sy bekleed is met goddelike krag (die son, maan en sterre), is sy in groot benoudheid.

God het haar weerbaar gemaak, maar momenteel is sy hulpeloos, want sy bring 'n kind in die wêreld. Die vrou is die kerk – gebroke, maar terselfdertyd toegerus met krag. En die swakheid en sonde van die gelowiges maak haar kwesbaar teen haar vyand. Die kind wat sy in die wêreld bring, is Jesus en die draak is Satan.

Jesus kom – gebore as gevolg van die gebrokenheid van sy kerk, maar ook uit liefde vir sy kerk – om haar te bevry, maar Hy word teëgestaan deur 'n vreesaanjaende draak. Satan wil verhinder dat die Kind gebore word, want hy weet Hy is die offer wat die mens gaan vrymaak.

Hy kan dit egter nie keer nie en Jesus word gebore en weggeruk na God en sy troon. Hierdie paar woorde vat Jesus se hele lewe saam van sy geboorte tot en met sy verhoging aan die regterhand van sy Vader. En nou moet Satan sy taktiek verander. Hy kon die Herder nie keer nie, nou gaan hy die skape direk aanval. Die moeder (kerk) het intussen met vlerke na die woestyn gevlug waar sy beskerm word vir die tyd wat God nodig geag het om sy kerk te suiwer.

Toe Satan sien hy kan die kerk nie oorwin nie, het hy hom op individue toegespits. En intussen in die hemele ... tree die Seun op as Middelaar om God se kinders vry te spreek. En net 'n kort tydjie, het Hy beloof, dan kom Hy weer vir die finale oorwinning.

Sing: Psalm 107-1:1, 10

Ds. A Venter (Attie) (Pretoria-Annlin)